

### Huweliks liefde – mooi gawe van God

**H**ooglied sing oor die mooi verhouding tussen 'n man en sy vrou binne die konteks van die huwelik. God het die huwelik ingestel en aan die mens die mooi gawes gegee wat daarmee saamgaan. Omdat die huwelikslewe deel is van ons lewe in verhouding met God, is ook hierdie lied aan ons gegee as deel van die kanonieke openbaring van God. Hierdie verhouding is so belangrik vir die Here dat hierdie lied in die Bybel "Hooglied" genoem word, of letterlik vertaal, "die lied van die liedere" of die "mooiste lied". Hierdie lied sing dit uit dat die mooi liefde tussen 'n man en sy vrou 'n Godgegewe geskenk is. Dit is nie die taboe van 'n valse Victoriaanse vroomheid nie, maar ook nie die goedkoop stoffasie van hygromans en pornografie nie.

Die regte liefdesverhouding tussen 'n man en sy vrou binne die huwelik is so edel dat die Here dit dikwels in sy Woord gebruik as 'n beeld om die verbondsverhouding tussen die Here en sy verbondsvolk te verduidelik. Die roep van die bruidegom in ons teks vind byvoorbeeld in Openbaring weerklank in die oproep van die hemelse Bruidegom tot die kerk as sy bruid. Omgekeerd roep Efesiërs 5 ons op om ons huweliksverhouding te skoei op die verhouding van Christus met sy kerk.

Laat ons daarom die huweliksliefde koester as 'n gawe van God en dit daarom biddend deur sy genade ultiel. Laat ons ook geestelik op die Here se liefde antwoord met dieselfde oorgawe as 'n bruid teenoor haar bruidegom.

*Sing: Skrifberyming 7-2*

*Ds. HB Hattingh (Amanzimtoti)*